- (b) to any live-stock which a person conducting the business of a dealer in live-stock places or causes to be placed on the commonage for the purpose of sale within the municipal area or for the purpose of awaiting transit by rail from Karasburg provided that he has notified the town clerk in advance of the arrival on the commonage of such live-stock and that the sale is held or the trucking is begun, not later than twenty-four (24) hours after the arrival of such live-stock, and provided that he keeps the live-stock at such places as may be directed by the town clerk and complies with such conditions as may be imposed by him.

Any such live-stock may be grazed on the commonage for a period longer than twenty-four (24) hours, but not longer than seventy-two (72) hours with the consent of the town clerk and on payment of the fee prescribed in paragraph (a) of this regulation.

For the use of the Council's sheep dipping tank and kraal for the dipping of small stock a fee calculated at the rate of one rand and fifty cents (R1.50) per hundred or a portion of a hundred of small stock dipped shall be paid in advance to the Council.

For the use of the Council's kraals a fee of one cent (1c) per head in respect of large stock and ten cents (10c) per hundred or portion of a hundred in respect of small stock with a maximum charge of fifty cents (50c) shall be paid in advance to the Council.

This sanction shall be confirmed at the next general monthly meeting of the Council.

The conditions of such sanction may, on written application by such person to whom such conditions are applicable, be referred to the Council for reconsideration and no further appeal in connection therewith may be lodged against the Council's decision.

16. No person, while travelling, shall, except in the case of an accident, outspan any draught animal on any portion of the commonage except at places set apart as public outspans or specially appointed for that purpose by the Council.

of gedeelte van 'n honderd kleinvee per maand of gedeelte van 'n maand.

'n Slagter kan teen die voorwaardes waarop so 'n permit uitgereik is by die Raad appelleer. Die Raad kan sodanige voorwaardes in heroorweging neem en geen appél kan teen die besluit van die Raad aangeteken word nie.

15. Die bepalings van regulasies 7 tot 10 is nie van toepassing nie op —

- (a) enige trekperde, muile, esels of donkies of enige beeste, skape of bokke van reisigers of transportryers wat deur die munisipale gebied trek en op aangewese plek of plekke uitspan of langs die vasgestelde weë deur sodanige gebied trek: Met dien verstande dat geen reisiger of transportryer sy trekdier of ander vee op die meent mag laat wei nie tensy toestemming daartoe van die stadsclerk verkry is. Toestemming sal verleen word hiertoe teen betaling van een sent (1c) stuk vir grootvee per dag of gedeelte van 'n dag en tien sent (10c) per honderd of gedeelte van 'n honderd kleinvee per dag of gedeelte van 'n dag waarop sodanige diere op die meent bly;
- (b) enige lewende hawe wat deur 'n persoon wat die beroep van 'n handelaar in lewende hawe beoefen en op die meent gebring of laat bring word met die doel om dit binne die munisipale gebied te verkoop of dit te laat wag op vervoer per spoor van Karasburg, mits so 'n persoon die stadsclerk vooraf van die koms van sodanige lewende hawe na die meent kennis gee het en mits die vendusie gehou of met die laai van die vee 'n aanvang geneem word binne vier-en-twintig (24) uur na aankoms van sodanige lewende hawe en mits hy die lewende hawe op so 'n plek hou en sodanige voorwaardes nakom soos deur die stadsclerk voorgeskryf word.

Enige sodanige lewende hawe mag, met die toestemming van die stadsclerk en na betaling van die gelde in (a) hierbo betaal, vir 'n tydperk langer as vier-en-twintig (24) uur maar nie langer as twee-en-sewentig (72) uur nie, op die meent wei.

'n Bedrag van een rand vyftig (R1.50) per honderd of gedeelte van 'n honderd kleinvee wat gedip word is vooruitbetaalbaar aan die Raad vir die gebruik van sy dipgat en kraal vir die dip van kleinvee.

'n Bedrag van een sent (1c) stuk vir grootvee en tien sent (10c) per honderd of gedeelte van 'n honderd kleinvee met 'n maksimum betaling van vyftig sent (50c) is vooruitbetaalbaar aan die Raad vir die gebruik van sy krale.

Sodanige toestemming moet op die volgende algemene maandelikse vergadering van die Raad bekragtig word.

Die voorwaardes van die toestemming kan op skriftelike aansoek van sodanige persoon op wie dit van toepassing is na die Raad verwys word vir heroorweging en geen verdere appél in verband daarmee kan teen die besluit van die Raad aangeteken word nie.

16. Geen persoon mag terwyl hy op reis is, behalwe in die geval van 'n ongeluk, enige trekdier uitspan op enige gedeelte van die meent nie behalwe op plekke wat as publieke uitspanplekke aangewys is of spesiaal daarvoor deur die Raad bepaal is.

17. The Council may at any time collect or cause to be collected into the kraal used for that purpose, all live-stock found grazing on the commonage for the purpose of identification by the owners thereof. All stock not so identified or for which the permits or licences required cannot be produced, may be impounded by any duly authorized officer of the Council.

18. Notwithstanding any provision to the contrary in these regulations every owner of live-stock shall at least once in every three months, or more often if so required, state in writing to the town clerk the number of large and/or small stock, which he grazes on the commonage, and their brands or marks as the case may be, for the purpose of having such stock registered. Non-compliance with the provisions of this regulation shall constitute an offence.

19. No person shall bring or deposit or cause to bring or deposit on the commonage the carcass of any animal which has died without properly burying or otherwise disposing of such carcass to the satisfaction of the town clerk. It shall be the duty of any owner to report to the town clerk in writing the death of any animal on the commonage within twenty-four (24) hours of the time at which such death came to his knowledge. The town clerk may upon receipt of such notice give instructions to the owner as to the disposal of such carcass.

All expenses incurred in connection with the disposal of such carcass shall be borne by the owner.

Nothing contained in these regulations shall be deemed to exempt any person from complying with the provisions of the "Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation 28 of 1920)" as amended or any instructions or regulations promulgated thereunder.

20. No person shall, except under a licence granted by the Council and on payment of fees to be framed by the Council, make bricks, or dig clay, gravel, sand or earth, or quarry stone, or cut or collect any poles, wood, bush, brushwood or grass on the commonage.

21. No clay, gravel, sand, earth, or stone shall be removed from any place within the municipal area except from such places as may be approved by the Council for that purpose.

22. Except as is provided in regulation 20, no person shall cut, break, injure or destroy any tree, bush, brushwood or grass on the commonage.

23. No dog shall run uncontrolled or be allowed to run uncontrolled on the commonage and any dog so found may be brought to the pound and may be impounded for a period of three days. During this period of three days the impoundment shall be advertised and if no claim to the dog is lodged within this period the Council may offer it for sale and if not sold, may destroy it.

24. The ranger may demand from any person, whom he may consider to be acting contrary to any of the provisions of these regulations, to produce his licence, permit or other authority issued to him, and any person refusing to produce such licence, permit or authority or refusing to pay the charges due under these regulations, shall be guilty of an offence.

25. It shall be the duty of the ranger to superintend the carrying out of these regulations, and any person interfering with or obstructing the ranger in the execution of his duties, shall be guilty of an offence.

17. Die Raad kan te eniger tyd al die vee wat op die meent wei, bymekaarmaak of laat bymekaarmaak in 'n kraal wat daarvoor bestem is met die doel om sodanige vee deur die eienaars daarvan te laat uitken. Alle vee wat nie aldus uitgeken kan word nie of waarvoor permitte of lisensies, indien dit vereis word, nie getoon kan word nie, kan deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad geskut word.

18. Ondanks enige teenstrydige bepalings in hierdie regulasies vervat, moet elke eenaar van lewende hawe, minstens een keer elke drie maande of meermale, indien dit van hom vereis word, vir die doeleindes van registrasie van die vee, skriftelik aan die stadsklerk kennis gee van hoeveel groot- en/of kleinvee van hom op die meent wei en watter brandmerke of tekens hulle dra. Nie-nakoming van hierdie regulasie is 'n oortreding.

19. Niemand mag die karkas van enige dier wat gevrek het op die meent bring of laat lê nie, of toelaat dat dit gebring of laat lê word nie en sodanige karkasse moet ten genoeg van die stadsklerk begrawe of andersins weggedoen word. Die eenaar van enige vee wat vrek op die dorpsgrond moet die stadsklerk, binne vier-en-twintig (24) uur nadat sodanige vrekte onder sy aandag gekom het, skriftelik daarvan kennis gee. Die stadsklerk kan by ontvangs van sodanige kennisgewing opdrag aan die eenaar gee op watter wyse met die karkas weggedoen moet word.

Alle onkoste in verband met die wegdoening van sodanige karkas moet deur die eenaar gedra word.

Niks in hierdie regulasies vervat, word beskou as 'n vrystelling vir enige persoon van nakoming van die bepalings van die „Veessiekten Proklamatie 1920" (Proklamasie 28 van 1920) soos gewysig, of enige ander voorskrifte of regulasies daaringevolge uitgevaardig nie.

20. Niemand mag buiten ingevolge 'n lisensie wat deur die Raad uitgereik word en by betaling van die gelde, wat die Raad moet bepaal, op die meent stene maak, klei, gruis, grond, klippe of sand grawe, of pale, hout, bosse, struikgewasse of gras kap, sny of versamel nie.

21. Klei, gruis, grond, sand of klippe mag slegs van plekke wat deur die Raad binne die munisipale gebied bepaal is, weggeery word.

22. Behalwe soos in regulasie 20 bepaal, mag niemand enige boom, bos, struikgewas of gras op die meent kap, breek, sny, versamel, beskadig of vernietig nie.

23. Geen hond mag onbeheer of toegelaat word om onbeheer op die meent rond te loop nie. Elke hond wat so onbeheer op die meent gevind word, kan na die skut gebring word en vir 'n tydperk van drie dae daar gehou word. Gedurende hierdie tydperk van drie dae moet geadverteer word dat sodanige hond geskut is en indien daar nie binne die drie dae aanspraak op die hond gemaak word nie, kan die Raad dit te koop aanbied, en indien dit nie verkoop word nie, dit vernietig.

24. Die opsigter kan van enige persoon, wat, volgens sy mening, die bepalings van hierdie regulasies oortree, eis dat so 'n persoon sy lisensie, permit of enige ander magtiging wat aan hom verleen is, moet toon. Enige persoon wat weier om sy lisensie, permit of ander magtiging te toon of wat weier om gelde wat by hierdie regulasies voorgeskryf word, te betaal, is skuldig aan 'n oortreding.

25. Die opsigter moet toesien dat hierdie regulasies nagekom word en enige persoon wat hom hinder of strem by die uitvoering van sy pligte, is skuldig aan 'n oortreding.

26. All grazing fees and other moneys payable for grazing licences, permits or permission due under these regulations, except consent issued under regulation 15, shall be paid before or on the 7th day of every calendar month for which grazing is needed, by the person to whom such licence, permit or permission is issued.

27. No *bona fide* occupier or owner shall graze any stock on the commonage that is not his *bona fide* property and such person shall not have the right to cede his grazing rights granted under these regulations, to any other person.

28. No person shall, without the permission of the Council, permit any bull, or stallion over the age of six months or any ram over the age of three months to graze or be at large on the commonage: Any bull, stallion or ram found on the commonage without the consent of the Council may be impounded.

29. The Council may, notwithstanding anything to the contrary in this regulation, from time to time close any camp or camps on the commonage and determine the number of animals permitted to any portion of the commonage in order to protect the vegetation.

30. No person shall erect any hut, shelter, kraal, habitation or structure of any kind nor occupy, camp or squat on any portion of the commonage or in any public park, recreation grounds, plantation, public place or street without the consent of the Council and then subject to such restrictions as the Council may impose.

In the event of any hut, shelter, kraal habitation or other structure being erected without the consent of the Council, the Council may break down and destroy such erection and the owner thereof shall be liable to the Council for the expenses incurred in connection with the breaking down or destruction thereof.

31. No person shall cause damage to any fence, gate, drinking trough, water tap or other appliance or set fire to the pasture or any bush, tree or shrub on the commonage.

Any person who wilfully, negligently, or otherwise causes damage to any fence, gate, drinking trough, water tap or other appliance or sets fire to the pasture or any bush, tree or shrub on the commonage shall be guilty of an offence and shall be liable to pay the costs incurred by the Council for the repair of any damage so caused to the Council.

32. Any person who contravenes these regulations or who makes default in complying with any regulation with which it is his duty to comply shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand (R200.00) or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three (3) months and in the case of a continuing offence to a further fine not exceeding ten rand (R10.00) per day.

26. Alle wei- en ander gelde betaalbaar ten opsigte van weidingslisensies, permitte of toestemming ingevolge hierdie regulasies, uitgesonderd toestemming verleen ingevolge regulasie 15, moet voor of op die 7de dag van elke kalendermaand waarvoor weiding verlang word, deur die persoon aan wie sodanige lisensie, permit of toestemming uitgereik is, betaal word.

27. Geen *bona fide* bewoner of eienaar mag vee op die meent laat wei wat nie sy *bona fide* eiendom is nie en hy mag ook nie die weiregte wat ingevolge hierdie regulasies aan hom toegestaan is, aan iemand anders oormaak of afstaan nie.

28. Niemand mag sonder die toestemming van die Raad toelaat dat 'n bul of hings bo die ouderdom van ses maande, of 'n ram bo die ouderdom van drie maande op die meent wei of los rondloop nie. Enige bul, hings of ram wat sonder toestemming van die Raad op die meent gevind word, kan geskut word.

29. Nieteenstaande strydige bepalings in hierdie regulasies, kan die Raad van tyd tot tyd enige kamp of kampe op die meent sluit en die aantal diere wat op enige gedeelte van die meent toegelaat word, bepaal ten einde die plantegroei te beskerm.

30. Niemand mag sonder die toestemming van die Raad en dan slegs onderhewig aan die voorwaardes wat hy stel, enige hut, beskutting, kraal, woning of struktuur hoegenaamd op enige gedeelte van die meent of in 'n openbare park, ontspanningsterrein, plantasie, openbare plek of straat oprig of dit bewoon of plak nie. Indien 'n hut, beskutting, kraal, woning of struktuur wel sonder die toestemming van die Raad opgerig word, kan die Raad dit afbreek of laat afbreek en vernietig en die eienaar daarvan aanspreeklik hou vir die onkoste aangegaan met die afbreek en vernietiging daarvan.

31. Niemand mag 'n heining, hek, drinkbak, waterkraan of ander toestel beskadig, of die weiveld, bosse, bome of struik op die meent aan die brand steek nie. Enigeen wat met opset of weens nalatigheid of andersins, 'n heining, hek, drinkbak, waterkraan of ander toestel beskadig, of die weiveld, bosse, bome of struik op die meent aan die brand steek, is skuldig aan 'n oortreding en aanspreeklik vir betaling aan die Raad van die koste deur die Raad aangegaan vir die herstel van die skade.

32. Enige persoon wat hierdie regulasies oortree of wat versuim om enige van die regulasies na te kom indien dit op hom van toepassing is, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand (R200) of by wanbetaling, aan gevangenisstraf van hoogstens drie (3) maande, en in die geval van voortdurende oortreding, met 'n verdere boete van hoogstens tien rand (R10) per dag.

[No. 94.]

[1 August 1969]

MUNICIPALITY OF TSUMEB.

ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sections 5, 7 and 8 of the Electric Power Proclamation, 1922 (Proclamation 4 of 1922) as amended by section 3 of the Electric

[No. 94.]

[1 Augustus 1969]

MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB.

ELEKTRISITEITSVERSKAFFINGSREGULASIES.

Dit behaag die Administratuer om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels 5, 7 en 8 van die Elektriese Kracht Proklamatie 1922 (Proklamasie 4 van 1922) soos gewysig by artikel 3 van die

Power Proclamation Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation 27 of 1927) read with section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve that —

- (a) the Model Electricity Supply Regulations published under Government Notice 109 of 1957 as amended by Government Notices 28 of 1961, 73 of 1963 and 10 of 1969 be made applicable to the Municipality of Tsumeb; and
- (b) charges be levied in accordance with the under-mentioned tariff:

TARIFF A: DOMESTIC PURPOSES.

For *bona fide* domestic purposes i.e. private dwelling houses, flats and other dwelling units, electricity shall be supplied at low voltage through a 15 ampere circuit breaker:

For all units consumed, per unit — R0-2½.

TARIFF B: LIGHT INDUSTRIES.

For temporary building site connections, shops, offices, warehouses, banks, tearooms, restaurants, churches, schools, filling stations and such other consumers as the Council may determine after consultation with the electrical engineer, electricity shall be supplied at low or medium voltage through a 30 ampere three phase circuit breaker:

For all units consumed, per unit — R0-2½.

TARIFF C: GENERAL.

For consumers except temporary connections where the summated rating of the circuit breaker(s) through which the electricity is supplied at low or medium voltage exceeds 30 amperes three phase:

- (i) A fixed monthly charge, per KVA or portion thereof — R2-00.
- (ii) For all units consumed, per unit — R0-2½.

For the purposes of this tariff 30 ampere three phase shall represent 20 KVA and multiples of 30 ampere three phase shall represent proportional multiples of 20 KVA.

TARIFF D: INDUSTRIES.

The Council may enter into special agreements with large consumers for the supply of electricity in bulk for industrial or other purposes, subject to the approval of the supply authorities supplying electricity to the Council.

TARIFF E: MISCELLANEOUS CHARGES.

1. *Temporary disconnection and re-connection:*

- (a) For connection of the electricity supply on entering into an agreement for supply with the Council —
 - (i) 15 ampere single phase — R4-00.
 - (ii) 30 ampere three phase — R15-00.
 - (iii) Other connections — R15-00.
- (b) For disconnection on termination of an agreement for supply with the Council — No charge.

2. *Special meter reading:*

For a special meter reading at the request of a consumer who suspects that his meter has been incorrectly read — R1-00. The amount will be refunded if it is found that the meter was read incorrectly.

Elektrisiteitsproklamasie-wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 27 van 1927) gelees met artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) goet te keur dat —

- (a) die Modelregulasies op Elektrisiteitsverskaffing afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 28 van 1961, 73 van 1963 en 10 van 1969 op die Munisipaliteit van Tsumeb van toepassing gemaak word; en
- (b) gelde gehef word ooreenkomstig die onderstaande tariefskaal:

TARIEF A: HUISHOUDELIKE DOELEINDES.

Vir *bona fide* huishoudelike doeleindes, dit wil sê, private woonhuise, woonstelle en ander wooneenhede word elektrisiteit teen laagspanning deur 'n 15 ampère stroomonderbreker verskaf:

Per eenheid vir alle eenhede verbruik — R0-2½.

TARIEF B: LIGTE NYWERHEDE.

Vir tydelike bouverseelaansluitings, winkels, kantore, pakhuisse, banke, teekamers, restaurants, kerke, skole, vulstasies en sodanige ander verbruikers soos die Raad na oorlegpleging met die elektrotegniese ingenieur bepaal, word elektrisiteit teen laag- of mediumspanning deur 'n stroomonderbreker(s) met 'n totale vermoë van 30 ampère driefaas verskaf:

Per eenheid vir alle eenhede verbruik — R0-2½.

TARIEF C: ALGEMEEN.

Vir verbruikers met uitsluiting van tydelike aansluitings waar die totale vermoë van die stroomonderbrekers waardeur die elektrisiteit verskaf word teen laag- of mediumspanning meer as 30 ampère driefaas is:

- (i) 'n vaste maandelikse tarief, per KVA of gedeelte daarvan — R2-00;
- (ii) per eenheid vir alle eenhede verbruik — R0-2½.

Vir die doeleindes van hierdie tarief is 30 ampère driefaas gelyk aan 20 KVA en meervoude van 30 ampère driefaas proporsioneel gelyk aan meervoude van 20 KVA.

TARIEF D: NYWERHEDE.

Die Raad kan spesiale ooreenkomste met groot verbruikers aangaan vir die verskaffing van elektrisiteit by grootmaat vir nywerheids- en ander doeleindes, onderworpe aan die goedkeuring van die verskaffingsowerheid wat elektrisiteit aan die Raad verskaf.

TARIEF E: DIVERSE GELDE.

1. *Tydelike afsluitings en heraanluitings:*

- (a) Vir aansluiting van die elektrisiteitstoevoer waar 'n ooreenkoms vir verskaffing met die Raad aangegaan is —
 - (i) 15 ampère enkelfaas — R4-00.
 - (ii) 30 ampère driefaas — R15-00.
 - (iii) Ander aansluitings — R15-00.
- (b) Vir afsluiting by beëindiging van 'n ooreenkoms vir verskaffing met die Raad — Geen gelde.

2. *Spesiale meterlesing:*

Vir 'n spesiale meterlesing op versoek van 'n verbruiker wat vermoed dat sy meter verkeerd gelees is — R1-00. Die bedrag word terugbetaal indien dit blyk dat die meter wel verkeerd gelees is.

3. Testing meter:

For testing a meter at the request of a consumer — R3-00. The amount will be refunded if it is found that the meter is registering incorrectly more than 2½% either way.

4. Testing of circuit breaker:

For testing a circuit breaker at the request of a consumer — R3-00. The amount will be refunded if it is found that the circuit breaker fails to carry the full rating load without tripping for an uninterrupted period of one hour.

5. Locating and rectifying of faults:

Where electricians of the Council are called out to locate and rectify faults for consumers —

- (i) during normal working hours, per call — R1-00
- (ii) during other hours, per call — R2-00

6. Installation charges:

For making new connections and installing meters —

- (i) for consumers under Tariff A per connection — R50-00;
- (ii) for consumers under Tariff B per connection — R80-00;
- (iii) for consumers under Tariffs C and D: The actual cost of material and labour plus 10% thereof.

7. Reconnections:

For reconnection where the electricity supply has been disconnected as a result of the consumer failing to pay his account —

- (i) 15 ampere single phase — R4-00.
- (ii) 30 ampere three phase — R15-00.
- (iii) Other — R15-00.

8. Miscellaneous services:

For work done or services rendered by the Council where such work or services are not chargeable under any of these tariffs the actual cost of material and labour plus 10% thereof will be charged. In cases of doubt in any matter relating to the application of these tariffs the decision of the Council shall be final.

3. Toets van meter:

Vir die toets van 'n meter op versoek van 'n verbruiker — R3-00. Die bedrag word terugbetaal indien die meter meer as 2½% na die een of die ander kant foutief registreer.

4. Toets van stroomonderbreker:

Vir die toets van 'n stroomonderbreker op versoek van 'n verbruiker — R3-00. Die bedrag word terugbetaal indien die stroomonderbreker nie die volle spanning vir 'n ononderbroke tydperk van een uur kan deurlaat sonder om uit te skakel nie.

5. Opspoor en herstel van foute:

Waar elektrisiëns van die Raad uitgeroep word om foute vir verbruikers op te spoor en te herstel —

- (i) gedurende normale werkstyd per oproep — R1-00;
- (ii) gedurende ander tye per oproep — R2-00.

6. Installeringsgeld:

Vir nuwe aansluiting van persele en installering van meters —

- (i) Vir verbruikers onder Tarief A per aansluiting — R50-00.
- (ii) Vir verbruikers onder Tarief B per aansluiting — R80-00.
- (iii) Vir verbruikers onder Tariewe C en D — Die werklike koste van arbeid en materiaal plus 10% daarvan.

7. Heraansluitings:

Vir heraansluiting nadat die elektrisiteitstoevoer gestaak is as gevolg van 'n verbruiker se versuim om sy rekening te betaal —

- (i) 15 ampère enkelfaas — R4-00.
- (ii) 30 ampère driefaas — R15-00.
- (iii) Ander — R15-00.

8. Diverse:

Vir werk deur die Raad gedoen of dienste gelewer, waar sodanige werk en dienste nie onder enige van hierdie tariewe aangeslaan kan word nie, is die werklike koste van arbeid en materiaal plus 10% daarvan betaalbaar. In gevalle waar twyfel oor die toepassing van hierdie tariewe bestaan, is die beslissing van die Raad afdoende.

No. 95.]

[1 August 1969

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

CORRECTION NOTICE.

Notice is hereby given of the following correction to the amendment of the Water Supply Regulations, promulgated under Government Notice 83 of 1969:—

Insert the following words after the word "gewysig" in the Afrikaans text:

"deur die vervanging van die bedrag van 20 sent".

No. 95.]

[1 Augustus 1969

MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND.

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-REGULASIES.

VERBETERINGSKENNISGEWING.

Hierby word bekend gemaak dat die volgende verbetering aan die wysiging van die Watervoorsieningsregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 83 van 1969 aangebring word:—

Voeg die volgende woorde in na die woord „gewysig” in die Afrikaanse teks:

„deur die vervanging van die bedrag van 20 sent”.

No. 96.]

[1 August 1969

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with sections 242 (19) and 242 (22) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the regulations published under Government Notice 285 of 1952, as amended by Government Notices 40 and 256 of 1954, 117 and 137 of 1955, 259 of 1956, 189 of 1957, 309 of 1958, 14 and 150 of 1961 and 203 of 1964.

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

The Health Regulations of the Municipality of Windhoek are hereby amended by the deletion of the words "to the satisfaction of the Council" where it occurs in

Regulation 1 of Chapter V
 Regulation 6 of Chapter VI
 Regulation 3 (a) of Chapter VIII
 Regulation 1 of Chapter XI
 Regulation 1 of Chapter XIV
 Regulation 1 of Chapter XV
 Regulation 1 of Chapter XVIII
 Regulation 1 of Chapter XIX
 Regulation 3 of Chapter XX
 Regulation 3 of Chapter XXI
 Regulation 2 of Chapter XXII
 Regulation 1 of Chapter XXIV
 Regulations 3 and 21 of Chapter XXV.

No. 97.]

[1 August 1969

ROAD TRAFFIC AMENDMENT REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) to amend the Road Traffic Regulations as published in *Official Gazettes* 2809 of 1 July 1967 and 2902 of 1 July 1968 as follows:

1. The marginal notes of the regulations are hereby amended in the introduction —
 - (a) by the substitution in the Afrikaans text opposite regulation 7 for the word "motorhandelaarslisensiebewys" of the word "motorvoertuighandelaarslisensiebewys";
 - (b) by the substitution in the Afrikaans text opposite regulation 10 for the word "motorhandelaarslisensiebewys" of the word "motorvoertuighandelaarslisensiebewys";
 - (c) by the substitution in the Afrikaans text opposite regulation 11 for the word "motorhandelaar" of the word "motorvoertuighandelaar";
 - (d) by the substitution in the Afrikaans text opposite regulation 12 for the word "motorhandelaarslisensiebewys" of the word "motorvoertuighandelaarslisensiebewys";
 - (e) by the substitution in the Afrikaans text opposite regulation 15 for the words "Vrystelling van persoon wat oorlogspensioen ontvang van die betaling van motorvoertuiglisensiegelde" of the words "Aansoek aan die Administrateur om vrystelling van betaling van motorvoertuiglisensiegelde"; and

No. 96.]

[1 Augustus 1969

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikels 242 (19) en 242 (22) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 285 van 1952, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 40 en 256 van 1954, 117 en 137 van 1955, 259 van 1956, 189 van 1957, 309 van 1958, 14 en 150 van 1961 en 203 van 1964.

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Die Gesondheidsregulasies van die Munisipaliteit van Windhoek word hierby gewysig deur die skraping van die woorde „ten genoë van die Raad” waar dit voorkom in:

Regulasie 1 van Hoofstuk V
 Regulasie 6 van Hoofstuk VI
 Regulasie 3 (a) van Hoofstuk VIII
 Regulasie 1 van Hoofstuk XI
 Regulasie 1 van Hoofstuk XIV
 Regulasie 1 van Hoofstuk XV
 Regulasie 1 van Hoofstuk XVIII
 Regulasie 1 van Hoofstuk XIX
 Regulasie 3 van Hoofstuk XX
 Regulasie 3 van Hoofstuk XXI
 Regulasie 2 van Hoofstuk XXII
 Regulasie 1 van Hoofstuk XXIV
 Regulaties 3 en 21 van Hoofstuk XXV

No. 97.]

[1 Augustus 1969

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) die Padverkeersregulasies soos gepubliseer in *Offisiële Koerante* 2809 van 1 Julie 1967 en 2902 van 1 Julie 1968 soos volg te wysig:

1. Die kantskrifte van die regulasies word hierby in die inleiding gewysig —
 - (a) deur die woord „motorhandelaarslisensiebewys” teenoor regulasie 7 in die Afrikaanse teks deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensiebewys” te vervang;
 - (b) deur die woord „motorhandelaarslisensiebewys” teenoor regulasie 10 in die Afrikaanse teks deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensiebewys” te vervang;
 - (c) deur die woord „motorhandelaar” teenoor regulasie 11 in die Afrikaanse teks deur die woord „motorvoertuighandelaar” te vervang;
 - (d) deur die woord „motorhandelaarslisensiebewys” teenoor regulasie 12 in die Afrikaanse teks deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensiebewys” te vervang;
 - (e) deur die woorde „Vrystelling van persoon wat oorlogspensioen ontvang van die betaling van motorvoertuiglisensiegelde” teenoor regulasie 15 in die Afrikaanse teks deur die woorde „Aansoek aan die Administrateur om vrystelling van betaling van motorvoertuiglisensiegelde” te vervang; en

- (f) by the insertion after regulation 79 of a new regulation —
 "79A. Safety helmets."
2. Regulation 3 is hereby amended —
 by the substitution in the Afrikaans text for the word "motorhandelaarslisensie" wherever it appears of the word "motorvoertuighandelaarslisensie".
3. Regulation 5 is hereby amended —
 by the substitution in the Afrikaans text for the word "motorhandelaarslisensie" wherever it appears of the word "motorvoertuighandelaarslisensie".
4. Regulation 6 is hereby amended —
 by the substitution in the Afrikaans text for the word "motorhandelaarslisensie" wherever it appears of the word "motorvoertuighandelaarslisensie".
5. Regulation 7 is hereby amended —
 by the substitution in the Afrikaans text and marginal note for the word "motorhandelaarslisensie" of the word "motorvoertuighandelaarslisensie".
6. Regulation 10 is hereby amended —
 (a) by the substitution in the Afrikaans text and marginal note for the word "motorhandelaarslisensiebewys" of the word "motorvoertuighandelaarslisensiebewys".
 (b) by the substitution in the Afrikaans text for the word "motorhandelaarslisensie" of the word "motorvoertuighandelaarslisensie".
7. Regulation 11 is hereby amended —
 by the substitution in the Afrikaans text and marginal note for the word "motorhandelaar" of the word "motorvoertuighandelaar".
8. Regulation 12 is hereby amended —
 (a) by the substitution in the Afrikaans text of subregulation (1) and in the marginal note for the word "motorhandelaarslisensiebewys" for the word "motorvoertuighandelaarslisensiebewys";
 (b) by the substitution in the Afrikaans text of subregulation (3) for the word "motorhandelaarslisensie" of the word "motorvoertuighandelaarslisensie"; and
 (c) by the substitution in the Afrikaans text of subregulation (3) for the word "motorhandelaar" where it appears in lines three and four of the word "motorvoertuighandelaar".
9. Regulation 58 is hereby amended —
 by the deletion in the Afrikaans text in lines seven and eight of the words "een binne sodanige kombinasie geel trukaatsers aangebring is."
10. Regulation 79 is hereby amended —
 by the substitution for the word "rider's" of the word "driver's" in the English text.
11. The following regulation is hereby substituted for regulation 79 A:
 "79A. No person shall, whether as driver or passenger, ride on a motor cycle on a public road unless he wears a safety helmet —
 (a) which fits him properly and of which the chin strap is properly fastened under his chin; and
- (f) deur die invoeging na regulasie 79 van 'n nuwe regulasie —
 „79A. Veiligheidshelms.”.
2. Regulasie 3 word hierby gewysig deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks oral waar dit voorkom deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang.
3. Regulasie 5 word hierby gewysig deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks oral waar dit voorkom deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang.
4. Regulasie 6 word hierby gewysig deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks oral waar dit voorkom deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang.
5. Regulasie 7 word hierby gewysig deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks en kantskrif deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang.
6. Regulasie 10 word hierby gewysig:
 (a) deur die woord „motorhandelaarslisensiebewys” in die Afrikaanse teks en kantskrif deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensiebewys” te vervang;
 (b) deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang.
7. Regulasie 11 word hierby gewysig deur die woord „motorhandelaar” in die Afrikaanse teks en kantskrif deur die woord „motorvoertuighandelaar” te vervang.
8. Regulasie 12 word hierby gewysig —
 (a) deur die woord „motorhandelaarslisensiebewys” in die Afrikaanse teks in subregulasie (1) en in die kantskrif deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensiebewys” te vervang;
 (b) deur die woord „motorhandelaarslisensie” in die Afrikaanse teks in subregulasie (3) deur die woord „motorvoertuighandelaarslisensie” te vervang; en
 (c) deur die woord „motorhandelaar” in die Afrikaanse teks in subregulasie (3) in reëls drie en vier deur die woord „motorvoertuighandelaar” te vervang.
9. Regulasie 58 word hierby gewysig deur die woorde „een binne sodanige kombinasie geel trukaatsers aangebring is”, in reëls sewe en agt in die Afrikaanse teks te skrap.
10. Regulasie 79 word hierby gewysig deur die woord „rider's” in die Engelse teks deur die woord „driver's” te vervang.
11. Regulasie 79A word hierby deur die volgende regulasie vervang:
 „79A. Niemand mag, hetsy as bestuurder of passasier, op 'n motorfiets op 'n openbare pad ry nie tensy hy 'n veiligheidshelm dra —
 (a) wat hom behoorlik pas en waarvan die kinband behoorlik onder sy kin vasgemaak is; en

- (b) which complies with the specification of the South African Bureau of Standards for safety helmets (S.A.B.S. Specification 799 of 1967) and bears a standardization mark as defined in section 1 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962)."
- This regulation shall come into operation three years after the publication of these regulations.
12. Regulation 79 is hereby amended by the insertion of the following marginal note opposite regulation 79A — "Safety helmets."
 13. Regulation 84 is hereby amended — by the insertion in the Afrikaans text of subregulation (1) (f) after the word "en" of the word "goeie".
 14. Regulation 86 is hereby amended — by the substitution in the Afrikaans text for the words "Niemand mag 'n motorkar wat, volgens die lisensie daarvan, 'n later model as 'n 1964-model", of the words "Niemand mag 'n motorkar wat na die jaar 1964 die eerste keer geregistreer en gelisensieer was,".
 15. Regulation 126 is hereby amended — by the substitution in subregulation (1) for the words "to an" of the word "and" in the English text.
 16. Regulation 156 (4) is hereby amended —
 - (a) by the deletion of the word "Cape" where it appears in paragraph (iii) of the proviso to paragraph (a); and
 - (b) where it appears in paragraph (ii) of the proviso to paragraph (b).
 17. Regulation 164 is hereby amended — by the substitution in the Afrikaans text of subregulation (1) (b) for the word "sê" of the word "hê".
 18. Regulation 178 is hereby amended —
 - (a) by the substitution for form S.W.A. 672 of form S.W.A. 672 annexed hereto marked "Annexure A";
 - (b) by the substitution for form S.W.A. 675 of form S.W.A. 675 annexed hereto marked "Annexure B".
 19. These regulations shall be called the Road Traffic Amendment Regulations and shall come into operation on the 1st day of September 1969.
- (b) wat voldoen aan die spesifikasie van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vir veiligheids helms (S.A.B.S. se spesifikasie 799 van 1967) en 'n standaardmerk dra soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Standaarde 1962 (Wet 33 van 1962)."
- Hierdie regulasie tree drie jaar na die afkondiging van hierdie regulasies in werking.
12. Regulasie 79 word hierby gewysig deur die volgende kantskrif teenoor regulasie 79A in te voeg — „Veiligheidshelms.”.
 13. Regulasie 84 word hierby gewysig deur na die woord „en” in die Afrikaanse teks van subregulasie (1) (f) die woord „goeie” in te voeg.
 14. Regulasie 86 word hierby gewysig deur die woorde „Niemand mag 'n motorkar wat, volgens die lisensie daarvan, 'n later model as 'n 1964 model”, in die Afrikaanse teks deur die woorde „Niemand mag 'n motorkar wat na die jaar 1964 die eerste keer geregistreer en gelisensieer was,” te vervang.
 15. Regulasie 126 word hierby gewysig deur die woorde „to an” in die Engelse teks van subregulasie (1) deur die woord „and” te vervang.
 16. Regulasie 156 (4) word hierby gewysig —
 - (a) deur die woord „Kaapse” te skrap waar dit in paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling tot paragraaf (a) voorkom; en
 - (b) waar dit in paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling tot paragraaf (b) voorkom.
 17. Regulasie 164 word hierby gewysig deur die woord „sê” in die Afrikaanse teks van subregulasie (1) (b) deur die woord „hê” te vervang.
 18. Regulasie 178 word hierby gewysig deur —
 - (a) die vervanging van vorm S.W.A. 672 deur die aangehegte vorm S.W.A. 672 gemerk „Bylae A”; en
 - (b) die vervanging van vorm S.W.A. 675 deur die aangehegte vorm S.W.A. 675 gemerk „Bylae B”.
 19. Hierdie regulasies heet die Wysigingsregulasies op Padverkeer en tree in werking op die eerste dag van September 1969.

No. R. 1180.]

[11 July 1969

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.

RULES RELATING TO THE FORM AND METHOD OF AND THE FEE FOR REGISTRATION OF CONTRACTS OF APPRENTICESHIP TO CHEMISTS AND DRUGGISTS.

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928) approved the amendment of the rules made by the South African Pharmacy Board under section 94 (2) of the Act and published under Government

No. R. 1180 (Republiek).]

[11 Julie 1969

SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.

REÛLS BETREFFENDE DIE VORM EN METODE VAN EN DIE GELDE VIR REGISTRASIE VAN APTEKERSLEERLINGKONTRAKTE.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens artikel 94 (2) van die Wet

Notice No. R. 665 dated 10 May 1963, as amended by Government Notices No. R. 1283 dated 23 August 1963, No. 373 dated 13 March 1964, No. R. 1340 dated 28 August 1964, No. R. 1128 dated 30 July 1965, No. R. 1205 dated 5 August 1966, No. R. 880 dated 16 June 1967, No. R. 1337 dated 1 September 1967 and No. R. 355 dated 15 March 1968, as follows:—

1. *Rule 14.* — By the addition of the following further proviso:—

“Provided further that the completion of the contract of apprenticeship shall not be accepted until satisfactory proof that a credit has been obtained in the fourth subject is submitted to the Registrar”.

2. *Rule 22.* — By the insertion after the word “completed” of the words “in terms of these rules”.

opgestel is en wat by Goewermentskennisgewing No. R. 665 van 10 Mei 1963 afgekondig is, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 1283 van 23 Augustus 1963, No. 373 van 13 Maart 1964, No. R. 1340 van 28 Augustus 1964, No. R. 1128 van 30 Julie 1965, No. R. 1205 van 5 Augustus 1966, No. R. 880 van 16 Junie 1967, No. R. 1337 van 1 September 1967 en No. R. 355 van 15 Maart 1968, soos volg:—

1. *Reël 14.* — Deur die byvoeging van die volgende verdere voorbehoud:—

„Met dien verstande dat voltooiing van die leerling-kontrak nie aanvaar sal word nie voordat bevredigende bewys dat erkenning vir die vierde vak ontvang is aan die Registrateur voorgelê word”.

2. *Reël 22.* — Deur die invoeging na die woord „kontrak”, waar dit vir die laaste keer voorkom, van die woorde „ingevolge hierdie reëls”.

No. R. 1197 (Republic).]

[11 July 1969

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928) as amended, approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (h) of the Act and published under Government Notice No. R. 1691 dated 30 October 1964, as amended:—

By the addition of the following further qualifications under the heading:

(a) Medical Practitioners.

<i>Examining Authority</i>	<i>Qualification</i>	<i>Abbreviation for Registration</i>
University of Stellenbosch	Master of Medicine (Orthopaedics)	M.Med. (Orthop.) Univ. Stell.
	Master of Medicine (Urology)	M.Med. (Urol.) Univ. Stell.
	Master of Medicine (Pathology (Clinical))	M.Med. (Clin. Path.) Univ. Stell.
	Master of Medicine (Pathology (Anatomical))	M.Med. (Anat. Path.) Univ. Stell.
	Master of Medicine Pathology (Chemical)	M.Med. (Chem. Path.) Univ. Stell.
	Master of Medicine (Pathology (Microbiological))	M.Med. (Microbiol. Path.) Univ. Stell.

No. R. 1197 (Republiek).]

[11 Julie 1969

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928) soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94 (2) (h) van die Wet opgestel het en wat by Goewermentskennisgewing No. R. 1691 van 30 Oktober 1964, soos gewysig, afgekondig is:—

Deur die byvoeging van die volgende verdere kwalifikasies onder die opskrif:

(a) Geneeshere.

<i>Elksaminerende liggaam</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>
Universiteit van Stellenbosch	Magister in Geneeskunde (Ortopedie)	M.Med. (Orthop.) Univ. Stell.
	Magister in Geneeskunde (Urologie)	M.Med. (Urol.) Univ. Stell.
	Magister in Geneeskunde (Patologie (Klinies))	M.Med. (Clin. Path.) Univ. Stell.
	Magister in Geneeskunde (Patologie (Anatomies))	M.Med. (Anat. Path.) Univ. Stell.
	Magister in Geneeskunde (Patologie (Chemies))	M.Med. (Chem. Path.) Univ. Stell.
	Magister in Geneeskunde (Patologie (Mikrobiologies))	M.Med. (Microbiol. Path.) Univ. Stell.

No. R. 2031 (Republic).]

[18 July 1969

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE.

AMENDMENTS OF THE SOUTH AFRICAN POLICE REGULATIONS.

The State President has been pleased, under section 33 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), to approve the following amendments to the South African Police Regulations promulgated under Government Notice R. 203 in Government Gazette Extraordinary 719 (Regulation Gazette 299) of 14 February, 1964.

1. Regulation 1 (1) is hereby amended by the substitution of the following definition for the definition of "session official":

"(xxxiii) "sessional official" means a member who is required to be in attendance in Cape Town during a parliamentary session and who is designated by the Commissioner as a sessional official; (xxvii)"

2. Regulation 22 is hereby amended by —

- (a) the substitution in subregulation (1) of the words "Botswana, Lesotho or Swaziland" for the words "the Protectorates";
- (b) the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) Save in those cases where other special provision is made in these regulations or unless accommodation or subsistence allowance is otherwise provided or paid by the State, the Commissioner may reimburse a member who is absent from his normal place of work and from his home for less than 24 hours on official duty in the Republic, in the Territory or in the Caprivi Strip, reasonable actual expenditure necessarily incurred by him for accommodation."

- (c) the substitution in subregulation (3) of the words "or Botswana, Lesotho or Swaziland" for the words "and the Protectorates";
- (d) the substitution in subregulation (7) of the words "and Botswana, Lesotho or Swaziland" for the words "and the Protectorates";
- (e) by the substitution in subregulation (10) (b) of "50c" for "25c";
- (f) by the substitution in subregulation (17) of the words —
 - "(a) Whites: Not exceeding R2.00 per day.
 - (b) Indians and Coloureds: Not exceeding 75c per day.
 - (c) Bantu: Not exceeding 60c per day."
 for the words "White Members: Not exceeding 70c per day" and "Non-White Members: Not exceeding 30c per day".

3. Regulation 33 (2) is hereby amended by the substitution for the proviso of the following proviso:

"Provided that the Commissioner may, in his discretion, approve of medical and hospital treat-

No. R. 2031 (Republiek).]

[18 Julie 1969

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie wat by Goewermentskennisgewing R. 203 in Buitengewone Staatskoerant 719 (Regulasiekoerant 299) van 14 Februarie 1964 afgekondig is.

1. Regulasie 1 (1) word hierby gewysig deur die woordskrywing van „sessie-amptenaar” deur die volgende woordskrywing te vervang:

